

Vraestelle moet asseblief in STRENG NUMERIESE VOLGORDE volgens studente nommer teruggestuur word. As 'n student meer as een vak skryf, moet sy/haar vraestelle asseblief saamgehou word. Baie dankie.

Intemasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades - (Gev. 1998)
 Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
 Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
 E-pos: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Wiskunde – Graad 1

Welkom by ons Conquesta Olimpiade.
 Lees al die vrae noukeurig.

(Onderwyserbystand word toegelaat deur die teks hardop uit te lees.)

Jy moet besluit watter een is die regte antwoord vir elke vraag – en dan 'n sirkel rondom (a), (b), (c) of (d) aan die regterkant van elke vraag trek. Jy mag net een antwoord vir elke vraag kies.

VOORBEELD

| | | | | |
|----------------------|-----|-----|-----|-----|
| <u>Voorbeeld:</u> | (a) | (b) | (c) | (d) |
| $3 + 6 = \dots\dots$ | 2 | 8 | 9 | 34 |

Dit is Saterdag, vieruur, en ons neem ons vier babahondjies na die park.



Toe ons by die park aankom, sien ons dat daar reeds 13 honde is.

Omkring die regte antwoorde vir vrae 1 - 6.

| | | | | | |
|----|---|----------------|---------------|-----------------------|----------------|
| 1. | Hoeveel honde is daar nou in die park? | (a) 16 | (b) 8 | (c) 17 | (d) 13 |
| 2. | Breek die getal 13 op. Dit word opgemaak uit | (a) 10 en 3 | (b) 1 en 3 | (c) gelyke getalle | (d) 10 en 2 |
| 3. | Die vier hondjies weeg elk 3 kg. Hoeveel weeg hulle altesaam? | (a) 7 kg | (b) 15 kg | (c) 12 kg | (d) 18 kg |


| | | | | | |
|----|--|---------------|--------------|--------------|--------------|
| 4. | Watter horlosie wys dat dit 4 uur is? | (a) | (b) | (c) | (d) |
| 5. | Drie uur vroeër sou ditwees. | (a) 11 uur | (b) 7 uur | (c) 1 uur | (d) 2 uur |
| 6. | Ons stap in die middag. Watter tyd sê vir jou dat dit middag is? | (a) 4vm. | (b) 4nm. | (c) 4de | (d) 4ste |

Nadat ons by die park was, gaan koop ons lekkernye.

Kyk na die pryse in die prentjie.

Die kolwyntjies kos R3 elk.

'n Sny koek kos R2.



Omkring die regte antwoorde vir vrae 7 - 11.

| | | | | | |
|----|---|---------------------|----------------------|------------|--------------------------|
| 7. | Hoeveel kleingeld sal ek van R20 kry as ek een kolwyntjie koop? | (a) R18 | (b) R17 | (c) R23 | (d) R19 |
| 8. | Watter muntstukke sal ek gebruik om R20 op te maak? | (a) R5 + R5 + R5 | (b) R10 + R5 + R5 | (c) R20 | (d) R2 + R2 + R5 + R5 |
| 9. | Hoeveel is R20 verdubbel? | (a) R100 | (b) R22 | (c) R40 | (d) R15 |